No 11 - 2020] SECOND SESSION, SIXTH PARLIAMENT

# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

===============

# ORDER PAPER

===============

THURSDAY, 11 JUNE 2020

**HOUSE: 14:15**

**QUESTIONS**

**QUESTIONS TO THE PREMIER WITHOUT NOTICE**

Mr B N Herron
Ms L M Maseko
Mr D America
Ms A Bans
Mr F C Christians
Mr G Brinkhuis
Mr M Kama

**STATEMENTS BY MEMBERS**

**MOTIONS**

---

**FURTHER BUSINESS**

**NOTICES OF MOTION**

1. Mr C M Dugmore: That the House appoints an ad-hoc committee consisting of a representative of each political party represented in this House, and chaired by the Speaker of this House, to investigate the very serious allegation against the Deputy Speaker of the Western Cape legislature, who is alleged to have informed a labour inspector that he cannot enter the premises because there is a great possibility that the labour inspector carries the coronavirus. In the light of this allegation, I further move with notice that the Deputy Speaker of the provincial legislature of the Western Cape be suspended with immediate effect and that the Speaker take all necessary measures to set up the ad-hoc committee.

2. Ms L J Botha: That the House debates the impact of the COVID-19 pandemic and the regulations relevant to the WCED and ECD on social and economic livelihoods in the province.

3. Mr F C Christians: That the House debates the recently lifted alcohol ban and how it increases traffic fatalities.

4. Ms D M Baartman: That the House debates the impact of the COVID-19 pandemic and the regulations on the personal care services industry, with the emphasis on hairdressers, barbers and salons; and notes that most of these individuals are self-employed entrepreneurs and the sole bread winners of their families.

5. Mr M K Sayed: That the House debates the continued huge inequality between poor schools in former marginalised areas, like townships, and rich schools in leafy area, mostly former model C schools.

6. Ms A Bans: That the House discusses why the Western Cape provincial government sports COVID-19 face masks openly in the main DA colours.

7. Ms N D Nkondlo: That the House debates the socio-economic conditions in the areas declared as COVID-19 hotspots and how these conditions exacerbate the spread of the virus.

8. Mr M Kama: That the House discusses how the DA is endangering the lives of children in the Western Cape.

9. Ms P Z Lekker: That the House discusses political abuse by DA office-bearers and leaders who use public schools to advance themselves at openings, feeding schemes and now with the coronavirus pandemic, while blocking other parties' oversight visits.

10. Mr R I Allen: That the House notes the brutal murder of George Floyd in the United States of America that led to the recalibration of the #blacklivesmatter movement during the current week; further recognises with grave concern police brutality at home with the passing away of Collins Khosa due to the alleged heavy-handedness of national safety officials in our country.

11. Ms D M Baartman: That the House notes that South Africa celebrates Youth Month this month in commemoration of the Soweto uprising on 16 June 1976 when unarmed learner protesters stood up against the apartheid government in defiance due to the horrific quality and conditions of black education in South Africa; further notes that statistics currently in South Africa show that the majority of young people choose not to participate in democratic systems, such as elections; acknowledges that, while much has been achieved in ensuring that every child has access to education, many children and young people are still left behind; and congratulates the Western Cape Education Department for having provided 1,2 million meals to learners through its Emergency Feeding Scheme during the COVID-19 lockdown and for achieving close to a 100% reopening of schools this week in order to continue the fight for the constitutional right to basic education for all.

12. Mr D Smit: That the House notes the begrudged resignation of a number of Knysna municipal officials, including Michelle Gratz, Municipal Manager; and further notes that she previously resigned aggrieved from a similar position at the DA-run Mossel Bay.

13. Mr M K Sayed: That the House commends the Strand Community Activists, led by Xolani Diniso, for placing pressure on the Western Cape Education Department to close the Nomzamo Primary School and to have it deep cleaned and decontaminated today after the Department initially refused to close the school for decontamination and deep cleaning after a staff member tested positive for COVID-19.

14. Ms L J Botha: That the House congratulates the Western Cape Education Department for its readiness to reopen schools as required and in line with the gazetted regulations of 1 June 2020; and thanks all educational staff for their efforts in preparation for the "new normal" at schools, especially in promoting the safety, health, and futures of our learners.

15. Ms N D Ndkondlo: That the House notes and calls for an investigation into the circumstances behind the cluster transmissions of COVID-19 as observed in the retail and agri sectors in the Western Cape; further notes that the bad and unhygienic state of informal markets in townships and small, rural towns exposes informal traders and their customers to health and safety risks, which could increase the chances of the spread of COVID-19; and calls for an urgent intervention by the relevant authorities to address the matter.

16. Mr R D MacKenzie: That the House notes the recent findings of the High Court in Pretoria that the lockdown regulations gazetted by the national government for level 3 and level 4 were found to be invalid and unconstitutional.

17. Ms N D Nkondlo: That the House notes the standoff between the City of Cape Town and informal traders association operating at the Grand Parade, where the municipality is refusing to provide permits to enable trade to resume in the area; further notes and condemns the serious double standards of a party in the government that, on the one hand, calls for the opening of the economy while, on the other, denies small enterprises their economic right to trade by rigidly applying regulations.

18. Mr A P van der Westhuizen: That the House congratulates those at the forefront of the fight against COVID-19 in the Witzenberg municipal area on their successes in not only flattening the curve, but also lowering the infection rate of COVID-19 cases; and notes that this ongoing success demonstrates that the Western Cape's strategy – when different entities, departments, businesses and communities work together and combine their efforts in a whole-of-government approach – is effective.

19. Mr P Maran: That the House notes that a protest erupted on Monday when the heartless DA-run City of Cape Town destroyed informal structures and evicted people from Joe Slovo in Milnerton; and notes that the timing was unfortunate as it was one of the coldest times of this year for people to be thrown into the streets.

20. Mr M K Sayed: That the House notes that it was reported that at least R23 million was spent by the WCED on the safety of people during the COVID-19 pandemic; further notes that the WCED had short or substandard sanitation and protective gear delivered; and calls for a proper investigation and a report on the findings to this House.

21. Mr D Smith: That the House notes that Nicklaas Beginsel of Ashton, a Langeberg DA ward councillor, is still in his position despite being sentenced in February by a court to four years in prison on 12 counts of fraud; and calls on Anton Bredell, the honourable Minister of Local Government, to investigate and report to this House why Beginsel has not been removed.

22. Mr D Smith: That the House notes that the DA is running out of money fast and will soon dump many party workers; and implores all to keep a watchful eye on where the DA will take money from the public purse to fund its elaborate spending ahead of the coming elections.

23. Mr M K Sayed: That the House notes that the WCED is in denial of its vicarious liability for the safety of learners who are using the bus transport contracted by the WCED during the COVID-19 pandemic; further notes that it still squabbles with service providers to bully them into supplying PPE and sanitation from their pockets while taking learners to school and back home; and calls on the WCED to cease hostilities and to assist poor learners to travel safely.

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE WES-KAAP

==============

# ORDELYS

==============

DONDERDAG, 11 JUNIE 2020

**HUIS: 14:15**

**VRAE**

**VRAE AAN DIE PREMIER SONDER KENNISGEWING**

Mnr B N Herron
Me L M Maseko
Mnr D America
Me A Bans
Mnr F C Christians
Mnr G Brinkhuis
Mnr M Kama

**VERKLARINGS DEUR LEDE**

**VOORSTELLE**

---

**VERDERE WERKSAAMHEDE**

**VOORSTELLE MET KENNISGEWING**

1. Mnr C M Dugmore: Dat die Huis 'n ad hoc-komitee bestaande uit 'n verteenwoordiger van elke politieke party wat in hierdie Huis verteenwoordig word, onder voorsitterskap van die Speaker van hierdie Huis, aanstel om ondersoek in te stel na die baie ernstige aantyging teen die Adjunkspeaker van die Wes-Kaapse wetgewer wat na bewering 'n arbeidsinspekteur ingelig het dat hy nie die perseel kon betree nie omdat daar 'n groot waarskynlikheid was dat die arbeidsinspekteur 'n draer van die koronavirus was. In die lig van hierdie aantyging stel ek verder met kennisgewing voor dat die Adjunkspeaker van die provinsiale wetgewer van die Wes-Kaap met onmiddellike inwerkingtreding geskors word en dat die Speaker al die nodige maatreëls tref om die ad hoc-komitee aan te stel.

2. Me L J Botha: Dat die Huis die impak van die COVID-19-pandemie en die regulasies met betrekking tot die WKOD en VKO op maatskaplike en ekonomiese broodwinning in die provinsie debatteer.

3. Mnr F C Christians: Dat die Huis die onlangse opheffing van die alkoholverbod en hoe dit verkeersterftes laat toeneem, debatteer.

4. Me D M Baartman: Dat die Huis die impak van die COVID-19-pandemie en die regulasies met betrekking tot die persoonlikeversorgingsdiensbedryf, met nadruk op haarkappers, manshaarkappers en salonne, debatteer; en kennis neem dat die meeste van hierdie individue entrepreneurs is wat vir hulself werk en die enigste broodwinners in hul gesinne is.

5. Mnr M K Sayed: Dat die Huis die voortgesette groot ongelykheid tussen arm skole in voorheen gemarginaliseerde gebiede, soos informele nedersettings, en ryk skole in lowerryke gebiede, meestal voormalige model C-skole, debatteer.

6. Me A Bans: Dat die Huis die Wes-Kaapse provinsiale regering se openlike gebruik van COVID-19-gesigmaskers in die hoofkleure van die DA bespreek.

7. Me N D Nkondlo: Dat die Huis die sosio-ekonomiese omstandighede in die gebiede wat as COVID-19-brandpunte verklaar is, en hoe hierdie omstandighede die verspreiding van die virus vererger, debatteer.

8. Mnr M Kama: Dat die Huis bespreek hoe die DA die lewens van kinders in die Wes-Kaap in gevaar stel.

9. Me P Z Lekker: Dat die Huis politieke misbruik deur DA-ampsdraers en leiers wat openbare skole gebruik om hulself te bevorder, soos by openings, voedingskemas en nou met die koronaviruspandemie, terwyl toesigbesoeke deur ander partye verhinder word, bespreek.

10. Mnr R I Allen: Dat die Huis kennis neem van die wrede moord op George Floyd in die Verenigde State van Amerika wat hierdie week tot die herkalibrering van die #blacklivesmatter-beweging gelei het; verder met ernstige kommer polisiewreedheid ter plaatse erken met die dood van Collins Khosa as gevolg van die beweerde hardhandigheid van nasionale veiligheidsbeamptes in ons land.

11. Me D M Baartman: Dat die Huis kennis neem dat Suid-Afrika vandeesmaand Jeugmaand vier ter herinnering aan die Soweto-opstand op 16 Junie 1976 toe ongewapende leerders teen die apartheidsregering betoog het in protes teen die afgryslike gehalte van en omstandighede in die swart onderwysstelsel in Suid-Afrika; verder kennis neem dat statistiek aantoon dat die meeste jongmense tans in Suid-Afrika verkies om nie aan demokratiese stelsels, soos verkiesings, deel te neem nie; erken dat, terwyl baie gedoen is om toe te sien dat elke kind toegang tot onderwys het, talle kinders en jongmense steeds ’n agterstand het; en die Wes-Kaapse Onderwysdepartement gelukwens met die verskaffing van 1,2 miljoen maaltye aan leerders deur middel van die Noodvoedingskema tydens die COVID-19-inperkingstydperk en vir die bykans 100%-heropening van skole hierdie week ten einde die stryd om die grondwetlike reg op basiese onderwys vir almal voor te sit.

12. Mnr D Smit: Dat die Huis kennis neem van die onwillige bedanking van ’n aantal Knysna- munisipale beamptes, insluitende Michelle Gratz, munisipale bestuurder; en verder kennis neem dat sy voorheen beswaard uit ’n soortgelyke pos in die DA-beheerde Mosselbaai bedank het.

13. Mnr M K Sayed: Dat die Huis die Strand Community Activists, onder leiding van Xolani Diniso, aanprys vir die uitoefening van druk op die Wes-Kaapse Onderwysdepartement vir die sluiting van die Nomzamo Primary School ten einde die skool deeglik skoon te maak en te dekontamineer nadat die Departement aanvanklik geweier het om die skool deeglik skoon te maak en te dekontamineer nadat ’n personeellid positief getoets het vir COVID-19.

14. Me L J Botha: Dat die Huis die Wes-Kaape Onderwysdepartement gelukwens met sy gereedheid om skole te heropen soos vereis in en in ooreenstemming met die regulasies wat op 1 Junie 2020 in die *Staatskoerant* gepubliseer is; en alle onderwyspersoneellede bedank vir hul pogings ter voorbereiding van die "nuwe normaal"-omstandighede by skole, veral met betrekking tot die veiligheid, gesondheid en toekoms van ons leerders.

15. Me N D Ndkondlo: Dat die Huis kennis neem van en 'n beroep doen vir 'n ondersoek na die omstandighede wat tot groepsoordrag van COVID-19 gelei het soos waargeneem in die kleinhandel- en agrisektor in die Wes-Kaap; verder kennis neem dat die slegte en onhigiëniese toestande van informele markte in informele nedersettings en in klein, plattelandse dorpe informele handelaars en hul klante aan gesondheids- en veiligheidsrisiko's blootstel, wat die kanse vir die verspreiding van COVID-19 kan verhoog; en 'n beroep doen vir 'n dringende ingryping deur die tersaaklike owerhede om aandag aan die aangeleentheid te skenk.

16. Mnr R D MacKenzie: Dat die Huis kennis neem van die onlangse bevinding van die Hooggeregshof in Preatoria dat die inperkingsregulasies wat deur die nasionale regering vir vlak 3 en vlak 4 in die *Staatskoerant* gepubliseer is, ongeldig en ongrondwetlik is.

17. Me N D Nkondlo: Dat die Huis kennis neem van die afsydige houding van die Stad Kaapstad teenoor informelehandelaarsverenigings wat by die Parade sake doen, aangesien die munisipaliteit weier om permitte uit te reik sodat handel in die gebied kan hervat; verder kennis neem van en die ernstige dubbele standaarde veroordeel van 'n party in die regering wat aan die een kant vir die opening van die ekonomie vra, maar aan die ander kant klein ondernemings verhinder om hul ekonomiese reg om handel te dryf uit te oefen deur die rigiede toepassing van regulasies.

18. Mnr A P van der Westhuizen: Dat die Huis diegene wat aan die voorpunt van die stryd teen COVID-19 in die Witzenberg- munisipale gebied staan, gelukwens met hul sukses nie net om die infeksiepiek te verlaag nie, maar ook om die infeksiekoers van COVID-19-gevalle te verklein; en kennis neem dat hierdie voortgesette sukses aandui dat die Wes-Kaapse strategie – wanneer verskillende entiteite, departemente, sakeondernemings en gemeenskappe saamwerk en hul pogings in 'n heleregeringsbenadering saamsnoer – doeltreffend is.

19. Mnr P Maran: Dat die Huis kennis neem van die betoging wat Maandag plaasgevind het toe die hartelose DA-beheerde Stad Kaapstad informele strukture afgebreek het en mense uitgesit het in Joe Slovo in Milnerton; en kennis neem van die ongelukkige tydsberekening omdat dit een van die koudste tye hierdie jaar was vir mense om sonder 'n heenkome op straat te wees.

20. Mnr M K Sayed: Dat die Huis kennis neem dat verslag gedoen is dat ten minste R23 miljoen deur die WKOD aan die veiligheid van mense tydens die COVID-19-pandemie bestee is; verder kennis neem dat die WKOD te min en substandaard-reinigings- en beskermende toerusting laat aflewer het; en 'n beroep doen vir 'n behoorlike ondersoek daarna en 'n verslag oor die bevindindings aan hierdie Huis.

21. Mnr D Smith: Dat die Huis kennis neem dat Nicklaas Beginsel van Ashton, 'n Langeberg-DA-wyksraadslid, steeds sy pos beklee ten spyte daarvan dat hy in Februarie deur 'n hof op 12 bedrogaanklagte tot vierjaartronkstraf gevonnis is; en 'n beroep doen op Anton Bredell, die agbare Minister van Plaaslike Regering, om ondersoek in te stel en aan hierdie Huis verslag te doen waarom Beginsel nog nie uit sy pos verwyder is nie.

22. Mnr D Smith: Dat die Huis kennis neem dat die DA se geld vinnig besig is om op te raak en dat talle partywerkers binnekort werkloos sal wees; en almal smeek om ’n wakende oog te hou oor waar die DA geld uit die openbare beursie sal neem om sy uitspattige besteding voor die komende verkiesing te befonds.

23. Mnr M K Sayed: Dat die Huis kennis neem dat die WKOD sy plaasvervangende aanspreeklikheid vir die veiligheid van leerders wat tydens die COVID-19-pandemie van busvervoer gebruik maak wat deur die WKOD gekontrakteer is, ontken; verder kennis neem dat die WKOD steeds met diensverskaffers kibbel ten einde hulle te forseer om self vir persoonlike beskermingstoerusting (PPE) en reinigingsmiddels te betaal wanneer hulle leerders skool toe en terug huis toe vervoer; en ’n beroep op die WKOD doen om vyandighede te staak en arm leerders te help om veilig vervoer te word.